CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD



# OPSOMMENDE HANDLEIDING
# DIE STAD KAAPSTAD: VERORDENING OP WATER

Hierdie gids handel oor die 2010-Verordening op Water en die 2018-Wysigingsverordening op Water. Die doel van hierdie gids is sodat alle inwoners, eiendomseienaars, loodgieters, bouers en praktisyns in die beboude omgewing in die Stad Kaapstad 'n beter begrip van hierdie verordening kan hê.

**Maak vooruitgang moontlik. Tesame.**

# INHOUD


04 Wat is die Verordening op Water?

06 Wat almal moet weet

10 Eiendomseienaars

14 Loodgieters

16 Professionele praktisyns in die beboude omgewing

18 Loodgieters, bouers en professionele praktisyns in die beboude omgewing

# WAT IS DIE VERORDENING OP WATER?

**Die Stad Kaapstad: Verordening op Water is 'n regsdokument wat alles in verband met die gebruik van munisipale drinkwater en alternatiewe water in die stad uiteensit.**

Die verordening bevat inligting oor regulasies vir loodgieterwerk tot die installasie van opgaartenks, om inwoners, eiendomseienaars, loodgieters, bouers en praktisyns in die beboude omgewing in te lig oor watergebruik in die algemeen, die gebruik van gesertifiseerde materiaal en watter maatreëls in bepaalde omstandighede getref moet word.

Alhoewel alle verantwoordelike burgers die Verordening op Water behoort te lees en daarmee vertroud behoort te raak, is dit taamlik lank en bevat dit tegniese en regsterme. Daarom het ons hierdie gebruikersvriendelike handleiding saamgestel wat die kernbepalings van die Verordening op Water opsom en vereenvoudig, maar nie vervang nie. Daar is verskillende gedeeltes wat vir verskillende teikengroepe geskryf is. Ons moedig jou aan om die eerste gedeelte, "Wat almal moet weet", te lees en dan vinnig deur die handleiding te blaai om te kyk of enige van die ander gedeeltes ook op jou van toepassing is.

**Ons hoop dat jy hierdie opsomming nuttig sal vind.**


Gaan na die skakel hieronder om die volledige 2010-Verordening op Water en die 2018-Wysigingsverordening op Water te besigtig of af te laai:
www.capetown.gov.za/waterregulations

# WAT ALMAL MOET WEET

## Watergebruik in die Stad Kaapstad

**Geen ongemagtigde aansluiting aan die Stad se watervoorsieningstelsel word toegelaat nie.** Dit word as diefstal beskou en as jy gevang word, sal die Stad jou 'n boete gee en die koste van die water wat jy gebruik het van jou verhaal. Die Stad kan ook verdere regstappe neem en verdere skadevergoeding eis.

**Geen verkoop van munisipale drinkwater word toegelaat nie.** Verhuurders mag wel die koste van water wat op die eiendom gebruik word van huurders verhaal, teen die Stad se waterverbruikstariewe.

**Geen opsetlike of nalatige vermorsing van water word toegelaat nie.** Enige lekkasies op jou eiendom of op die eiendom waar jy woon waarvan jy bewus word, of wat onder jou aandag gebring word, moet so gou moontlik herstel word. Indien jy elders enige lekkasies sien, bv. in die straat, moet jy dit asseblief aanmeld.

Sien die agterblad van hierdie handleiding vir die aanmeldingskanale.

## Voorwaardes vir watervoorsiening


**Geen inmenging hoegenaamd met die Stad se watervoorsieningstelsel, -meters, -pype of -afsluitkrane word toegelaat nie,** tensy jy gemagtig is om dit te doen. Direkte aansluiting van pompe by die munisipale stelsel word nie toegelaat nie.

**Die Stad kan nie waarborg dat 'n spesifieke waterdruk of watervloei gehandhaaf sal word nie.** Soms sal die waterdruk laer wees of heeltemal ingeperk word, bv. gedurende instandhouding in die gebied. Indien jy egter vir meer as 24 uur sonder water is, sal die Stad alles moontlik doen om jou so gou moontlik van water te voorsien.



**Wanneer water in die stad skaars is (bv. tydens droogte), sal jy moontlik minder water moet gebruik.** Enigiemand wat versuim om gedurende tydperke van waterbeperking minder water te gebruik, kan 'n boete of selfs gevangenisstraf kry.

## Die gebruik van alternatiewe water



**Geen alternatiewe waterbron mag vir drinkwater, kookdoeleindes (en voedselvoorbereiding) of wasdoeleindes (van die liggaam) gebruik word nie, as gevolg van die potensiële gesondheidsrisiko's.** Slegs munisipale drinkwater is geskik vir hierdie doeleindes. Die enigste uitsondering is 'n paar groot verbruikers wat 'n kontrak met die Stad sluit om volgens streng kriteria en voorwaardes as waterdienstussengangers op te tree.




Installasie van stelsels wat enige soort alternatiewe water benut – gryswater, grondwater, reënwater, ens. – en in die besonder daardie stelsels wat bedoel is om by die Stad se watervoorsieningsnetwerk aan te sluit, **moet deur die Stad goedgekeur word.**



Alternatiewe water kan gebruik word om toilette te spoel en vir 'n paar ander toelaatbare gebruike. Sekere maatreëls moet egter getref word, veral om seker te maak dat jy nie die drinkwater op jou eiendom of die munisipale watertoevoer besoedel nie. Die goedgekeurde **apparaat om terugvloeiing te verhoed, moet geïnstalleer word.**

Vir meer inligting, lees die riglyne vir die installasie van alternatiewe waterstelsels by **https://bit.ly/3hZNKiA**.

## Grondwater en oppervlakwater

Jy moet die Stad twee weke kennis gee voor jy ’n boorgat, put of syfergat maak. (Let wel dat jy moontlik ook die magtiging van die nasionale Departement van Water en Sanitasie nodig het om grondwater te gebruik, afhangende van faktore soos hoeveel water gebruik gaan word, vir watter doeleindes, ens.)

Indien jy water uit ’n boorgat of syfergat gebruik, moet jy ’n meter installeer en aanteken hoeveel water gebruik word.

Indien jy water uit strome, riviere, damme of mere wil gebruik, moet jy magtiging van die nasionale Departement van Water en Sanitasie kry.

Vir meer inligting, lees die riglyne vir die installasie van alternatiewewaterstelsels by **https://bit.ly/3hZNKiA**.

### Het jy geweet?

Tuine, velde, parke en ander grasgebiede **mag nie tussen 09:00 en 18:00 besproei word nie.**


**Geplaveide of harde oppervlaktes mag nie met munisipale drinkwater afgespuit word nie.**

Wanneer waterbeperkingsvlakke dit toelaat, **moet tuinslange wat gebruik word om voertuie, bote en woonwaens te was met ’n selfsluitende apparaat toegerus wees** om watervermorsing te voorkom.

**Die maksimum spoelkapasiteit vir ’n nuwe toiletspoelbak is 6 liter.**

Die **maksimum vloeisterkte** vir ’n nuwe stortkop is **7 liter** per minuut.

Alle **swembaddens** waarin munisipale water gebruik word, moet met ’n soliede swembadbedekking toegemaak word wanneer dit nie in gebruik is nie. ’n Swembadbedekking word ook aangeraai wanneer alternatiewe water, bv. reënwater, in swembaddens gebruik word.




Let asseblief daarop dat jy verantwoordelik is vir alle verwante gevolge wanneer jy enige water gebruik wat nie die drinkwater is wat deur die Stad voorsien word nie.

# EIENDOMSEIENAARS




## Koop jy 'n eiendom?

Jou nuwe eiendom moet 'n wateraansluiting met 'n munisipale meter hê wat deur die Stad geïnstalleer is. Dit is jou verantwoordelikheid om die Stad te kontak en vir 'n watermeter aansoek te doen. Sien die agterblad vir die kontakbesonderhede.

## Eiendomme met meer as een wooneenheid

Jy moet op jou eie onkoste 'n privaat afsluitkraan óf 'n privaat submeter óf 'n waterbestuurapparaat óf 'n voorafbetaalapparaat vir elke wooneenheid installeer.


## Opgaar van water

Die volgende soort geboue moet 'n minimum hoeveelheid water vir gebruik gedurende wateronderbrekings opgaar, bykomend tot water wat vir brandbestryding of lugversorging opgegaar word:

- Hospitale, klinieke, verpleeginrigtings, ouetehuise en ander geboue waaruit die inwoners nie maklik ontruim kan word in die geval van 'n wateronderbreking nie
- Opvoedkundige inrigtings
- Hotelle, losieshuise en koshuise
- Haarkappers en tandartse
- Nywerhede en fabrieke (vir vervaardigingsdoeleindes)
- Wooneenhede (woonstelgeboue, woonstelblokke) met meer as drie verdiepings
- Kommersiële persele, insluitende winkels, groot winkelsentrums en kantore




Indien daar 'n wateropgaartenk op jou eiendom is, moet dit elke vyf jaar vir higiënedoeleindes gedreineer, geïnspekteer en ontsmet word. Let asseblief ook daarop dat jou opgaartenk bestand moet wees teen ultravioletlig (UV-lig) sodat direkte sonlig dit nie beskadig nie en die groei van alge verhoed word.



## Installasie en veranderinge aan warmwaterstelsels

Indien jy 'n warmwatersilinder (geiser), hittepomp, sonkragwaterverhittingstelsel of enige beskermingsapparaat verander, vervang of 'n nuwe een installeer, moet jy die Stad daarvan in kennis stel. Sien die agterblad vir die kontakbesonderhede.

## Installasie van alternatiewewaterstelsels

Alle loodgieterinstallasiewerk van alternatiewewaterstelsels moet deur 'n gekwalifiseerde loodgieter gedoen word, dit moet aan die SANS-standaarde voldoen en 'n loodgieter wat by die Stad geregistreer is, moet 'n goedkeuringsertifikaat vir die finale installasie of enige veranderinge daaraan uitreik.

Indien jy 'n syfergat, boorgat of enige stelsel installeer wat grondwater onttrek, is jy verplig om dit by die Stad te registreer. Na registrasie is dit jou verantwoordelikheid om die water spaarsamig te gebruik.

Om 'n loodgieter te vind wat by die Stad geregistreer is, en vir die volledige riglyne vir die installasie van alternatiewewaterstelsels, gaan na **https://bit.ly/3hZNKiA**.

## Verkoop jy jou eiendom?

Voordat jy jou eiendom verkoop, moet jy 'n loodgieter wat by die Stad geregistreer is kry om jou loodgieterinstallasie te inspekteer en, indien dit aan die vereistes voldoen, 'n nakomingsertifikaat (CoC) uit te reik. Let wel dat jy die nakomingsertifikaat aan jou oordragprokureur moet gee en dat jou oordragprokureur dit by die Stad moet indien by **certificateofcompliance@capetown.gov.za**.

Gaan na **www.capetown.gov.za/thinkwater** vir 'n lys van loodgieters wat by die Stad geregistreer is.



## Het jy geweet?

Alle brandvoorkomingsinstallasies op jou eiendom, insluitende brandslange, brandkrane, brandblussers en brandsprinkelstelsels, moet deur die Stad se brand-afdeling goedgekeur word – gaan na **www.capetown.gov. za/departments/Fire and Rescue Service Department** om vir die goedkeuringsertifikaat aansoek te doen.

Indien daar defektiewe pype of lekkasies op jou eiendom is, is dit jou verantwoordelikheid om dit te herstel sodra jy van die waterverlies bewus word. (Let wel dat dit nie altyd maklik is om lekkasies te sien nie, bv. wanneer dit ondergronds is. Kontroleer dus gereeld jou watermeter om te kyk of daar nie 'n lekkasie is nie.) Indien jy bewus is van 'n lekkasie, maar dit nie regmaak nie, sal die Stad jou 'n boete gee, die koste van die water wat vermors is van jou verhaal en moontlik 'n beperking op jou watertoevoer plaas. Sien die handleiding oor die opsporing en herstel van lekkasies by **www.capetown.gov.za/thinkwater**.

Die Stad kan nie waarborg dat 'n spesifieke waterdruk of watervloei na jou eiendom gehandhaaf sal word nie – die waterdruk kan om verskeie redes laer wees en die watervloei kan heeltemal afgesny word, bv. tydens instandhouding in die gebied.

Die Stad sal jou watertoevoer afsny of beperk indien jy nie jou waterrekening betaal nie. Die Stad sal jou egter in kennis stel voor dit gebeur, en sal jou watervoorsiening herstel nadat betaling ontvang is of nadat jy reëlings getref het om jou skuld af te betaal. Let wel dat **die Stad 'n fooi sal hef vir die afsny en herstel van jou watertoevoer.**

Indien jy vermoed dat jou waterverbruik baie hoog is, kyk eers of daar 'n lekkasie is. Indien jy nie 'n lekkasie kan vind nie en jy vermoed dat jou watermeter foutief is, kan jy dit aanmeld, 'n inspeksie aanvra en aansoek doen om die meter te laat toets. Let wel dat 'n fooi vir metertoetsing betaalbaar is by enige van die Stad se interaktiewe instapkliëntesentrums. Gaan na **www.capetown.gov.za/facilities** vir 'n lys van hierdie sentrums.

# LOODGIETERS

## Registrasie by die Stad


Indien jy ingevolge die Wet op Nasionale Kwalifikasieraamwerke, 2008 gekwalifiseer en geakkrediteer is, mag jy by die Stad registreer. Slegs loodgieters wat by die Stad geregistreer is mag nakoming-/ goedkeuringsertifikate uitreik.

Om te registreer, skakel 0860 103 089 of stuur 'n e-pos aan **certificateofcompliance@capetown.gov.za**.


## Jou verantwoordelikhede as 'n geregistreerde loodgieter

Indien jy by die Stad geregistreer is, moet alle loodgieterwerk wat jy – of enigiemand onder jou toesig – onderneem aan die Verordening op Water voldoen. Jy is ook verplig om die volgende dokumente by **certificateofcompliance@capetown.gov.za** in te dien:

- Nakomingsertifikate vir die oordrag van eienaarskap van 'n eiendom.
- Goedkeuringsertifikate vir nuwe of gewysigde waterinstallasies.
- Goedkeuringsertifikate vir die gebruik en installasie van alternatiewewaterstelsels, of enige veranderinge aan die installasie.








## Nie gekwalifiseer nie?

Indien jy nie ingevolge die Wet op Nasionale Kwalifikasieraamwerke, 2008 gekwalifiseer en geakkrediteer is nie, mag jy nie enige van die volgende doen nie, tensy jy onder die toesig van 'n geregistreerde loodgieter werk:

- vervanging van vasstaande warmwatersilinders (geisers, hittepompe of sonkragstelsels) en bybehorende beskermingsapparate;
- inspeksie, ontsmetting of toetsing van brandinstallasies of opgaartenks; of
- die diens, vervanging of herstel van apparate wat terugvloeiing verhoed.

Jy mag wel aan nuwe of gewysigde waterinstallasies werk, of die installasie (of verandering) van alternatiewewaterstelsels onderneem wat 'n goedkeuringsertifikaat vereis, maar slegs onder die toesig van 'n geregistreerde loodgieter wat die goedkeuringsertifikaat moet afteken. Slegs geregistreerde loodgieters mag egter werk vir die oordrag van eienaarskap van 'n eiendom doen en die nakomingsertifikaat afteken.

### Het jy geweet?

Die Stad kan loodgieters se registrasie intrek en hulle van die Stad se loodgieterdatabasis verwyder indien hulle versuim om aan die vereistes van die Verordening op Water te voldoen. Dit is ook van toepassing indien hulle 'n goedkeuring-/nakomingsertifikaat valslik of misleidend voltooi en uitreik, of toelaat dat hulle registrasie-besonderhede op 'n bedrieglike wyse gebruik word.

# PROFESSIONELE PRAKTISYNS IN DIE BEBOUDE OMGEWING

## Nuwe ontwikkelings en aanbouings

Alle nuwe ontwikkelings en enige aanbouings/opknappings aan geboue moet die installasie van waterbewaringstelsels of alternatiewewaterstelsels (bv. die hergebruik van gryswater, die gebruik van grondwater of die opvang van reënwater) insluit, d.w.s. stelsels wat nie vir drinkwater gebruik word nie, maar wel om toilette te spoel, vir besproeiing, opvul van swembaddens, ens. Volledige besonderhede hiervan moet op jou bouplan verskyn wanneer jy dit vir goedkeuring indien.

'n Lys van waterbesparingsvereistes verskyn in Bylae 1 van die Wysigingsverordening op Water.

Vir meer inligting, lees die riglyne vir die installasie van alternatiewewaterstelsels by **https://bit.ly/3hZNKiA**.



## Wat moet by die tekeninge ingesluit word?

Indien waterinstallasies op verskillende verdiepings van 'n gebou presies dieselfde is, hoef dit slegs een keer geteken te word. Indien verskillende waterstelsels egter op verskillende verdiepings installeer gaan word, moet dit so op die tekeninge aangedui word.

Elke tekening moet ook 'n tabel bevat wat aandui hoeveel aansluitingspasstukke daar is en wat elkeen se grootte is.



# LOODGIETERS, BOUERS EN PROFESSIONELE PRAKTISYNS IN DIE BEBOUDE OMGEWING

## Waterinstallasies

Alle waterinstallasies, warmwatersilinders, sonkragpanele (-stelsels), hittepompe en watertenks wat gebruik word, moet aan die toepaslike SANS-standaarde voldoen.

Jy moet ook seker maak dat alle installasies met terugslagkleppe toegerus is. Bogrondse verlaagdedruksonekleppe word gebruik om terugvloeiing in alternatiewe waterstelsels te verhoed. Hierdie kleppe moet onmiddellik stroomaf van die eiendom se privaat afsluitkraan aangebring word.

Vir meer inligting, lees die riglyne vir die installasie van alternatiewewaterstelsels by **https://bit.ly/3hZNKiA**.

## Stadswatermeters

Soos jy seker weet, moet alle water wat van die Stad se watervoorsienings-netwerk afkomstig is, deur ’n watermeter loop. Jy mag nie met ’n watermeter peuter of die watermeter se seël breek nie; slegs die Stad en sy aangestelde kontrakteurs mag aan hierdie meters werk.

## Stadsafsluitkrane

Jy mag nie met die Stad se afsluitkrane inmeng nie, tensy die Stad jou toestemming gegee het om dit te doen. Kontak asseblief die Stad om toestemming te versoek om ’n afsluitkraan te skuif of te verstel.

Sien die agterblad vir die kontakbesonderhede.



## Het jy geweet?

Openbare handwasbakke en openbare storte moet aanvraagtipe krane of kleppe hê.

**Krane wat aan die buitekant van nieresidensiële geboue geleë is, moet toegerus wees met:**

- 'n selfsluitende apparaat;
- 'n verwyderbare handvatsel;
- 'n sluitapparaat om ongemagtigde gebruik te verhoed; of
- 'n aanvraagtipe apparaat wat die hoeveelheid water met elke gebruik beperk.

Jy mag nie outomatiese urinaalspoelstelsels installeer nie – alle urinale moet toegerus wees met 'n handgeaktiveerde spoelstelsel, 'n apparaat wat die spoelstelsel in werking stel slegs nadat die spoelstelsel gebruik is of 'n waterlose stelsel wat goed in stand gehou word.

Alle pype en watertoebehore moet aan die toepaslike SANS-spesifikasies voldoen. Verwys na Bylae 2 van die Verordening op Water vir inligting in verband met die gebruik van koper-, plastiek-, staal- en meerlaagpype.



**Indien jy enige navrae oor die Verordening op Water het, en vir aansoeke en aanmeldings in verband met water en sanitasie, kontak die Stad deur enige EEN van die volgende kanale:**

- Aanlyn by **www.capetown.gov.za/servicerequests**
- E-pos **water@capetown.gov.za**
- Bel **0860 103 089**
- Gaan na 'n interaktiewe kliëntesentrum – sien **www.capetown.gov.za/facilities** vir 'n volledige lys

Volg slegs een van die kanale hierbo om vinniger 'n antwoord te ontvang, en vra altyd vir 'n verwysingsnommer.

Mei 2019. Let asseblief daarop dat die Verordening op Water in die toekoms bygewerk kan word. Kyk op **www.capetown.gov.za/waterregulations** vir die jongste weergawe.

CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Maak vooruitgang moontlik. Tesame.